# REDAKSIONEEL

## 1. REFERATE VAN GTV JAARVERGADERING

Faktore buite beheer van die redaksie het veroorsaak dat die referate wat voor die GTV Jaarvergadering gedien het, nou eers in hierdie uitgawe kan verskyn. Ons is dankbaar dat ons die waardevolle artikels van proff. J. C. Coetzee en J. A. van Rooy in hierdie uitgawe kan aanbied. Allerlei vrae en beweginge rondom hierdie temas het die afgelope tyd heelwat woorde laat ronddwarrel. Hierdie artikels sal besinning en verantwoording stimuleer. 'n Bepaalde waarheid is so ryk en diep dat daar nie noodwendig vanuit dieselfde hoek daarop aangekyk hoef te word nie. Verskil in blikrigting maak die rykdom en wysheid groter. 'n Mens leer tog nooit iets van iemand wat met jou saamgestem het nie.

## 2. DISKUSSIE

In hierdie uitgawe kom skerp en lewendige reaksie op die diskussie wat prof. M. A. Kruger in 'n vorige uitgawe aangevra het. By een artikel het die redakteur 'n voetnoot geplaas om opnuut die beleid van die blad duidelik te stel.

Tegelykertyd moet ons bely dat teologiese diskussie onder ons nog nooit werklik op dreef was nie of in onbruik geraak het. Dit maak ons ongeoefend ten opsigte van die reëls van die spel. In 'n bepaalde gemeenskap soos die GTV wat ons blad uitgee, heers daar twee gevare: die eerste dat ons verwarring bevorder omdat elke wind van lering onbeantwoord geduld word, die tweede dat diskussie mense etiketteer. Ek herinner my dat ek ongeveer twintig jaar gelede oor die neiging om te etiketteer 'n artikeltjie in *Die Kerkblad* geskryf het. Die werklikheid bestaan vir die etiketteerder uit 'n klompie kraaltjies: my kraaltjie, daardie syne en nog daardie en doerie kraaltjies. Elkeen het 'n naam. Wanneer ek met iemand redeneer, noem ek hom net gou 'n independentis, metodis, piëtis, ortodoksis, fundamentalis (vgl. die tydskrifoorsig in hierdie uitgawe) of wat ook al — en omdat ek nou die persoon geëtiketeer het, hoef ek nie verder sy standpunt of argument te beantwoord nie. Ek stap selfvoldaan gearriveerd my kraaltjie in.

Die reëls van die spel moet seker in ag neem dat dit om *stellings* en nie om *persone* gaan nie. Ons moet debatteer, diskusseer, praat om te verstaan, te bewoord en mekaar vas te hou. Tweedens wanneer ek sou aandui dat 'n bepaalde stelling of metode van Kuyper „skolasties" is, beteken dit tog nie dat Kuyper tot die skolastiek behoort nie. Tog word die fout so maklik gemaak. Voetius, die bekende kerkregtelike canonicus, staan in die geskiedenis by sommige as 'n verteenwoordiger van die Piëtisme in die Nadere Reformasie bekend. Piëtisme word gekenmerk deur sy ekklesiologiese en konfessionele indifferentisme — beide aspekte waarin Voetius die teenpool verteenwoordig. Hy dra die piëtistiese etiket waarskynlik net omdat hy nadruk gelê het op die toeëiening van die heil in 'n tyd waarin verstandelike ortodoksie begin oorneem het. *In die Skriflig* wil graag geleentheid vir diskussie oor teologiese standpunte bied. Laat ons die bal en nie die man speel nie.

B. S.